**13 Februarie** **Skrifgedeelte: Matteus 27:32-50**
**HK, Vraag 44**

## Lyding ter wille van ons

Die rolpent *The Passion of the Christ* het groot opspraak verwek en het dwarsoor die wêreld groot skares gelok. Hierdie film wil die lyding wat Jesus moes ondergaan, uitbeeld.

’n Film soos die kan seker ’n indruk gee van die fisiese lyding wat ’n kruiseling ondergaan het, maar dit kan nie die werklike lyding wat Jesus Christus ondergaan het uitbeeld nie. Trouens, die werklike lyding van Jesus is nie verfilmbaar nie.

Dit word baie duidelik as ons kyk na die Kategismus se verklaring van die woorde “en neergedaal het na die hel …” Hier word gepraat van “die hel se benoudheid en pyn” en van Jesus Christus se “onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking” wat Hy veral aan die kruis gely het. Dít kan nooit in ’n film weergegee word nie! Ook die klem wat genoemde film op die gewelddadige en die bloederige lê kan nie daarvoor vergoed nie en is eintlik ’n skeeftrekking. Dit gaan in die lyding van Jesus Christus oor dieptes wat ons nie kan peil nie. Maar dit lê in die hart van die evangelie. Dit bied ’n troos wat alle verstand te bowe gaan.

Oor hierdie lyding én troos kan ons maar net die Skrif stamelend nasê soos in die nagmaalsformulier: “Hy het helse pyn en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.”

*Sing: Psalm 22:1 (p. 99)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~